LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991

05 November 2017

WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Ds Leopold van Huyssteen
22STE WEEK IN KONINKRYKSTYD
Fokusteks uit Leesrooster: 1 Tess 2:9-13
RCL tekste: Ps 107; Jos 3:7-17
Mat 23:1-12
Deurkollekte: Uitreikfonds

BELOFTELAND: 09:00 (3jr - Gr R)

DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15
Jackie & Hennie: Gr 1 tot 6 in saal
Karin: Gr 5 in Klaskamer op verhoog
Jackie & Lizeri: Gr 6 in die "Gat"
Liesbet: Gr 7 in die "Gat:

Navrae: Sanel Woodward:
021 854 8276 OF 082 706 8642

LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12
in Konsistorie @ 17h30

Constant @ 072 224 3267
JT @ 082 585 7578

KNIEWERK: Leopold vir Boodskap

- Dankie Heer vir U genadereën! Ons bid voortdurend dat U wil sal geskied. Ons bid vir die boere wat swaarkry, ons waterkrisis asook vir vrede, misdaad, regverdigheid en eerlike leiers.
- Kankerbehandeling: Owen Wallis
- Joël Kriegler vir gesondheid

FOKUSTEKS: 1 Tess 2:9-13

Paulus herinner die gemeente daaraan dat hulle bediening in Tessalonika vrug gedra het, anders as die wandelende filosowe en heiliges van sy tyd, wat meer aangedryf is deur gierigheid as geloof. Daarom het hy die ambag, tentmakery, wat hy in sy opleiding aangeleer het daar beoefen, soos elke rabbi van daardie tyd gedoen het.

Treffend dat die inspirasie vir sy onvermoeide ywer, ten spyte van belediging (psigies deur as Romeinse burger onregverdiglik in die tronk gegooi te word) en mishandeling (fisies deur geseling), soos pas tevore in Filippi (Hand 16), **van God af kom wat hulle die moed gee om die evangelie te verkondig ten spyte van felle teenkanting (vers 2).**

GEBEDSTEMA: NOV 2017
ADVENT & KOMENDE KERSTYD
Week 1 (5 Nov - 11 Nov)
Ons wag op U Here! Nou en vir altyd!

Ps 131:1-3 "Selfverheffing en hoogmoed is daar nie by my nie, Here. Ek maak my nie besorg oor groot dinge nie, dinge wat bo my vermoë is. Ek het rus en kalmte gevind. Soos 'n kindjie wat by sy moeder tevredenheid gevind het, so het ek tevredenheid gevind. Wag op die Here, Israel, nou en vir altyd."

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak Kerkkantoor , 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REëLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:

19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)
Jackie Strauss; 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)

19h30: Kooroefening @ Kerkgebou
Stephan Meyer; 082 832 9420

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DINSDAG:

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 2&3
@ Konsistorie of Raadsaal.

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

WOENSDAG:

08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Moederskamer;
Louis Steyn; 083 415 3031

09:00: Gebedsgroep in Moederskamer;
Riana van Huyssteen; 084 888 8614

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 1&4
@ Konsistorie of Raadsaal.

12h30: SNUFFELMARK @ Kerksaal
Elke laaste Wo. van maand
Skakel Kerkkantoor: 021 853 5991

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DONDERDAG:

09h00 Gebedskursus
Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

VRYDAG:

05h30: Mannebyeenkoms @ Smiling Oven;
Nic Huisman; 082 552 2423

06h00: Mannebyeenkoms @ Konsistorie
Ds. Leopold

19h00: #espresso-jouself Koffiekroeg vir jong volwassenes **@ Kleinsaal (Broadway-kant)**
Pieter Mouton; 083 391 5507

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

MAT 18:20 "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

NUWE INTREKKERS?

Baie

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die Kerkkantoor jou sal kontak.

Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n huis-besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.

Ongelukkig geen tee/koffie by voorportaal a.g.v. FEESMARK

PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....
ELKE BIETJIE HELP

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels
Blikkies Vis & Bief
Blikkies gemengde groente
Pakkies Soya Mince
2 Minute Noodles
Spaghetti & Macaroni
Klein pakkies suiker, koffie en tee
Poeiermelk & Boksies melk
Toiletpapier
Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies
Skoonmaakmiddels

DIT WORD Sóóó WAARDEER!
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

IS DAAR DAE WAT JY **"AF"** VOEL?
KRY JY **SWAAR**?
SUKKEL JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK **STERK** TE BLY?
HET JY **GEBED** OF **BEMOEDIGING** NODIG?
ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!

Kontak: Joubert van Tonder @ 082 949 2045

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:
Ons wil baie graag ook weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid.
Hou ons asb op hoogte. Skakel kerkkantoor @ 021 853 5991

BELOFTEROLLE: Ons wil jou graag uitnooi om agter in die kerk 'n belofterol te neem. Dis gratis en deel van die Gebedsbediening. Dit kan ook as gebede gebruik word.

GEBEDSHULPMIDDEL VIR NOVEMBER: WEEK 1

HOEKOM MOET ONS IN JESUS SE NAAM BID? Jesus sê dat ons in Sy naam moet bid: **Joh 14:13-14** "Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word. As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen." **Joh 15:16** "Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies **en** julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra. **Joh 16:23-24** "Daardie dag sal julle nie meer vrae aan My stel nie. "Dít verseker Ek julle: Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee. Tot nou toe het julle nog nie in my Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees." **Joh 16:26 "** Van daardie dag af sal julle in my Naam bid en hoef Ek nie julle voorspraak by die Vader te wees nie, **Om in Jesus se Naam te bid, is die sleutel tot die krag en beloftes van God.**

Jy kan nou die **ZAPPER selfoon toepassing** as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes gebruik. Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store" Jy sal van elke transaksie verwittig word deur Zapper.
Vir meer inligting of navrae: Charlene @ 021 853 5991

Matthee	Eileen	11/01	80
Van Der Westhuizen	Anna Dak	11/01	89
Du Preez	Ida	11/09	81
Kleynhans	Ria	11/14	81
Peters	Magdalena	11/15	100
Swart	Chrissie	11/16	100
Lambrechts	Jannie	11/17	81
West	Marie	11/19	90
De Jager	Pieter	11/21	81
Stemmet	Matilda	11/22	88
Dixon	Ben	11/27	85
Van Eeden	Leonie	11/28	81

BERG 80 VERJAARSDAE: NOVEMBER 2017

LET WEL:
Ouderdom op lys is die huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Num 6: 24-26
"Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!

DIE FEESMARKKOMITEE Sê DANKIE AAN ALMAL WAT BYGEDRA HET!

Dankie beteken:

Om dankbaar te wees vir iets wat iemand vir jou doen of gee.

Meeste van die tyd gaan die mense uit hulle pad uit of dit kos 'n paar rand of hulle offer hulle vrye tyd op…. **Weet asb dat ons "dankie" opreg en diep uit die hart kom!**



Dis 500 jaar gelede wat Martin Luther 95 stellinge op 31 Oktober 1517 teen die kerkdeur van die Wittenberg Kasteelkerk gespyker het. Dit was die geboorte van die Protestantse Hervorming... 'n gebeurtenis wat die wêreld verander het. Meer oor Martin Luther kan gelees word in ons November Riviertjie wat ook by die kerkdeure beskikbaar is asook op ons Webwerf & D6Communicator Toepassing. Vir ekstra inligting, gaan na die skakel:http://kerkbode.christians.co.za/2016/07/14/ek-kies-christus-en-die-kruis/

Die vier bene waarop die Protestantse Hervorming gebaseer is:
Solus Christus (hoe word ek gered? ALLEEN deur Christus) Joh 14:6
Sola Fide (hoe ontvang ek hierdie redding? - ALLEEN deur geloof) Joh 1:12
Sola Gratia (hoe verdien ek die redding? - ALLEEN deur genade) Ef 2:4
Sola Scriptura (waar leer ek oor redding? - deur die Woord ALLEEN) Joh 17:17
Soli Deo Gloria - AAN GOD AL DIE EER! Kol 3:16-17 & Ef 4:15-16

INDIEN IEMAND BELANGSTEL, KAN DIE 95 STELLINGE VAN MARTIN LUTHER IN AFRIKAANS BEKOM WORD DEUR DIE KERKKANTOOR TE SKAKEL @ 021 853 5900
Gratis boekies oor die Hervorming is ook beskikbaar by die kerkkantoor en by die kerk se voorportale.